



Verwysing: 20210701-4086
Lêerno.: 12/2/8/17/1/2
Navrae: K Lackay

Inrigtingshulpbronondersteuningsminuut: 0007/2021

Aan: Hoofdirekteur: Distrikte, Distriksdirekteure, Hoofde: Bestuur en Beheer, Kringbestuurders, Prinsipale en Voorsitters van beheerliggame van gewone openbare skole en vaardigheidskole met toegekende leerdervoerskema (LVS)-roetes

Onderwerp: Konsolidasie van LVS-eise met leerders se name op die LVS-databasis op SOBIS en die instelling van leerdervoer Komitees by skole met toegekende LVS-roetes

1. Konsolidasie van LVS-eise met leerders se name op die LVS-databasis op SOBIS

- 1.1 'n Skool met 'n toegekende LVS-roete dien sesmaandeliks eise by die Direktoraat: Finansiële Rekeningkunde in, vir die vervoer van leerders, ten einde 'n finansiële oordrag te ontvang vir die dienste wat gelewer word. Dit is die skool se verantwoordelikheid om toe te sien dat die name van alle leerders waarvoor geëis word, op die LVS-databasis op SOBIS verskyn sodat 'n oordrag na die skool gedoen kan word.
- 1.2 Om te verseker dat die leerders se name op die LVS -databasis op SOBIS ooreenstem met die leerders waarvoor geëis word, moet die skool die bylaes gebruik wat by Inrigtingshulpbronondersteuningsminuut 0004/2021, gedateer 02 Junie 2021, aangeheg is om die LVS-subdirektoraat by Hoofkantoor in kennis te stel oor leerders wat nie meer van die diens gebruik maak nie en kwalifiserende leerders wie se name nie op die SOBIS-databasis aangetoon word nie.
- 1.3 Na ontvangs van die tersaaklike bylaes deur die LVS-subdirektoraat by Hoofkantoor, sal die besonderhede van leerders wat nie meer van die LVS gebruik maak nie, vanaf die LVS-databasis op SOBIS verwyder word. Die besonderhede van leerders wat deur die skool ingedien is, kan op SOBIS bygewerk word sodra daar vasgestel is dat die leerders vir die LVS kwalifiseer en dat die maksimum aantal leerders wat goedgekeur is om vervoer te word, nie oorskry word nie.

- 1.4 Om teleurstelling te voorkom, moet skole seker maak dat die name van al die leerders waarvoor aangedoen word, op die LVS-databasis op SOBIS verskyn wanneer hul die eise by die Direkoraat: Finansiële Rekeningkunde indien.
- 1.5 Skole moet die aangehegte verklaring voltooi vir leerders wat van 'n LVS-roete gebruik maak en 'n drukstuk van die lys met name aanheg soos dit op die LVS-databasis op SOBIS vir elke roete verskyn. Fondse vir die vervoer van leerders sal na die skool oorgedra word, en moet 'n presiese vergelyking wees van die lys met name van leerders wat op die LVS-databasis op SOBIS verskyn.
- 1.6 Om toegang tot die leerders se inligting vir elke roete op SOBIS te verkry, moet die volgende prosedure gevolg word:
 - a) Verkry toegang tot SOBIS.
 - b) Op die kieslys, hou die wyser oor die "Administration" -opskrif. Die "Learner Transport"-opsie sal op die aftreklys verskyn.
 - c) Beweeg die wyser oor die "Learner Transport"-opsie en die "Capture Screens"-opsie sal op die aftreklys verskyn.
 - d) Klik op "Capture Screens".
 - e) Op die volgende skerm, klik "Proceed" sonder om 'n graad te kies.
 - f) Op die volgende skerm, klik "Summary Section" en kies dan die gepaste roetenommer.
 - g) 'n Lys sal nou vertoon wat die gemagtigde leerders op die gekose roete aandui.

2. **Instelling van leerdervervoerkomitees by skole met toegekende LVS**

- 2.1 Die riglyne wat aan 'n skool verskaf word wanneer 'n toegekende roete goedgekeur word, vereis dat die beheerliggaam 'n leerdervervoerkomitee aanstel om toesig te hou oor die bestuur van die LVS. Hierdie komitee moet toesien tot die volgende:
 - a) LVS-dienste word betyds en korrek geadverteer;
 - b) Die regte prosedure word gevolg tydens die aanstelling van LVS-kontrakteurs;
 - c) Optelpunte en tydskedules vir die vervoer van leerders is duidelik uiteengesit.
- 2.2 U aandag met betrekking tot die bogenoemde vereistes, word gevestig op Regulasie 32 van die Prosedures vir die Instelling en Verkiesing van Beheerliggame by Openbare Skole, 2021, wat in *Buitengewone Provinsiale Koerant* No. 8398 van 12 Maart 2021 gepubliseer is, betreffende die instelling van 'n komitee deur die beheerliggaam en die aanstelling van die betrokke voorsitters.
- 2.3 Beheerliggame by skole wat toegekende LVS-roetes bestuur, moet toesien dat die voorsitter wat aangestel word om op die leerdervervoerkomitee te dien, 'n lid van die beheerliggaam is.

3. U samewerking in die bogenoemde verband word waardeer.

GETEKEN: MS ABRAHAMS

ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: ONDERWYSBEPLANNING

DATUM: 2021-08-20